PLAASLIKE OWERHEID KENNISGEWING 147 VAN 2019

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN TLOKWE DORPSBEPLANNINGSKEMA 2015, ASOOK DIE OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDES, VAN GEDEELTE 8 VAN ERF 2659, POTCHEFSTROOM [THABO MBEKI RYLAAN 6] - WYSIGINGSKEMA 2313

Kennis geskied hiermee in terme van Artikel 92 van Hoofstuk 6 van die Tlokwe Stadsraad Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuurskema Verordening 2015 (die Verordening), en in terme van bemagtigende en toepaslike Provinsiale Wetgewing, huidiglik die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe 15 van 1986 of enige heruitvoerbare of vervangbare wetgewing, vir sover as wat die Ordonnansie en Verordening nie gewysig of herroep word deur die voorsiening van die Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuurswet, Wet 16 van 2013 (SPLUMA), dat ondergemelde aansoek deur die JB Marks Plaaslike Munisipaliteit ontvang is en terinsae beskikbaar is gedurende gewone kantoorure te die kantoor van die Departement Menslike Nedersettings en Beplanning, JB Marks Plaaslike Munisipaliteit, Kantoor 210, Tweede Vloer, Dan Tloome Kompleks, op die hoek van Wolmaransstraat en Sol Plaatjielaan, Potchefstroom. Enige beswaar/vertoë moet skriftelik, of mondelings indien nie kan skryf nie, by of tot die Waarnemende Munisipale Bestuurder voor of op die sluitingsdatum vir die indiening van besware/vertoë by bovermelde adres of na Posbus 113, Potchefstroom, 2520 ingedien of gerig word, met vermelding van bogenoemde opskrif, die beswaarmaker se belang in die saak, die grond(e) van die beswaar/vertoë, die beswaarmaker se erf en telefoonnommers en adres.

SLUITINGSDATUM VIR DIE INDIENING VAN BESWARE/VERTOË: 3 Oktober 2019

AARD VAN AANSOEK: Ek, L.J. Botha van H & W Town Planners BK [Reg No. 2006/148547/23], synde die gemagtigde agent van die eienaar, is van voorneme om by die JB Marks Plaaslike Munisipaliteit aansoek te doen vir die volgende:

- Wysiging van die Tlokwe dorpsbeplanningskema, 2015, deur die hersonering van Gedeelte 8 van Erf 2659, Potchefstroom, Registrasie Afdeling IQ, Noordwes Provinsie [geleë te Thabo Mbeki Rylaan 6] vanaf “Residensieël 1” na “Residensieël 4” met Bylae 1800 om voorsiening te maak vir ‘n maksimum hoogte van drie verdiepings. Die voorneme van die applikant/eienaar is om ‘n hoë-digtheid residensiële ontwikkeling op die eiendom op te rig.
- Opheffing van beperkende titelvoorwaardes A (b) en B (b) in Titelakte T85083/2018 ten einde die aansoek perseel [Gedeelte 8 van Erf 2659, Potchefstroom (Thabo Mbeki Rylaan 6)] tot sy volle potensiaal te benut vir bogenoemde doeleindes.

EIENAAR : Thabo Mbeki 6 Pty Ltd [Reg No. 2018/099242/07]
Adres van gemagtigde agent: H & W TOWN PLANNERS CC (2006/148547/23), DU PLOOYSTRAAT 17, POTCHEFSTROOM, 2531, POSBUS 1635, POTCHEFSTROOM, 2520, TEL: 018 297 7077, e-pos: louis@hwtp.co.za (HB201913)
WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER **Kennisgewingno.** : 99/2019

3-10